# Kroniek van Perdepoort
## deur A M Louw

*Kroniek van Perdepoort* is seker een van die waardigste bekroonde prosawerke in Afrikaans (CNA-prys, 1975, en Hertzogprys, 1976). As roman is dit van haas ewe groot omvang as *Die groot gryse*, en het dit 'n besonder ryk betekenislading en 'n interessante struktuur - 'n bewys van gerypte talent. By nadere ondersoek van enkele strukturele en tematiese as= pekte daarvan kom 'n verrassende veelkantigheid aan die lig.

### 1. STRUKTUUR

#### 1.1 *'n Kroniek*

Kroniek (Shipley, 1972, p 55-56) het te make met tyd en met die kalender (chrónos = tyd) en is van= ouds die omvattende byeenbring van annale (gebeure van die jaar). Sekere vormkwaliteite van die kro= niek het uit die metode van komposisie deur kro= niekskrywers voortgespruit. Ten gevolge van die beperkte kantruimte by elke datum op die kalender was die annale gedronge, in bondige taal geskryf en omdat die kroniek aan die kalender gekoppel was, was datums besonder belangrik. Die metode van no= tering het meegebring dat kronieke konkrete, fisie= se handeling en veral geïsoleerde gebeure en wel van lokale aard, opteken. Geen wye perspektief was moontlik nie, en gebeure van 'n enkele jaar het daarom eweveel ruimte gekry as dié van reekse of siklusse jare, afgesien van die belangrikheid. Op= eenvolging in die tyd (chronologie) van die gebeure is implisiet eie aan die kroniek.

Dat die begrip kroniek nie rigoristies in die

bostaande betekenis op Anna M Louw se werk van toe=passing is nie, word reeds bewys met die rangskik=king van die dele in 'n omgekeerde chronologie van die dae: Sondag, 9 Maart; Saterdag 8 Maart; Vry=dag, 7 Maart. 'n Verdere afwyking van die chrono=logiese vertelwyse is die gedurige verspringing van fokus: van hede na verlede, van vêr verlede na nâby verlede en van subjektiewe tydsbelewing deur die karakters, wat hede en verlede gelyktydig in hulle omdra (in hulle angs- en skuldgevoelens), na objektiewe tyd; voortgang van uur en dag.

Die objektiewe tydsverloop is wel nougeset chrono=logies georden in deel drie, die Vrydag se gebeure. Van feitlik elke uur van die dag word verslag ge=gee vanaf opstaantyd, die begin en voortgang van Attie se rondgang by sy broers om die volgende dag se begrafnisreëlings te finaliseer, in die voormid=dag; daarna stelselmatig 'n verslag van die mid=dag by ete, die namiddag, die aandete, vroegaand, laat aand, voornag en laatnag. Omdat elke gesin en soms individue apart belig word op dié tye, bring dit onvermydelik ook weer oorvleueling van tyd mee.

Dit wil dus voorkom of die term kroniek in die ti=tel slegs wil aandui dat dit 'n familiegeskiedenis is wat oor die loop van jare (drie geslagte) strek en kulmineer in drie opeenvolgende dae, afgesien van tydsordening. As literêre, dus *gestileerde* kro=niek, gemoderniseer in pas met byderwetse tendense ten opsigte van struktuur en tegniek, verwag 'n mens trouens ander aksentleggings, wyer perspek=tiewe en gekompliseerder komposisie.

Die lokalisering van die verhaalgebeure hang na=tuurlik saam met die feit dat tyd en ruimte nooit geskei kan word in geskiedskrywing (hetsy werklik of fiktief) nie. Maar 'n mens het die vermoede dat die spesifieke naam *Perdepoort* tog iets meer wil sê as realistiese verbesondering, as voor-die-hand-liggende naam vir die plaas van 'n perdeteler, 'n aangeleentheid, egter, wat later ter sprake kom.

### 1.2 *Drieledigheid as ordeningsprinsiep in die struktuur*

Die opvallende patroon van die verhaal is die drie= ledigheid: die boek het *drie dele* wat die gebeure, op waarneembare vlak, van *drie dae* weergee, hoewel innerlike belewing oor baie jare heenreik; in die drie dele word 'n *drievoudige perspektief* op die Lot= riets van Perdepoort gegee.

#### 1.2.1 *Ordening*

Die omgekeerde chronologie van die tyd, en daarmee van die gebeure, het iets van die speurverhaalteg= niek, en die terminologie waarmee die drie dele aangedui word: "Lykskouing", "Begrafnis" en "Die getuies", sluit daarby aan. Dit suggereer trouens 'n gepleegde daad of dade, 'n geregtelike nadoodse ondersoek, 'n hofgeding waarby getuies optree in die proses van opsporing van skuldiges en hulle motiewe. Na laasgenoemde moet ook in die verlede gesoek word; dus, terugwerkende vanaf 'n voldonge feit, op 'n tydstip in die hede, ontplooi die ver= haal "agteruit". Dat in *Kroniek*, wat die blankes betref, nie 'n begrafnis nie maar 'n herbegrafnis beskryf word, kompliseer die interpretasie in oor= dragtelike betekenis, maar "Lykskouing" kan as na= betragting oor afgehandelde gebeure (die herbegraf= nis, die val van die kis, die dominee se preek, die lotgevalle en sigbare degenerasie van die Lot= riets, die selfmoord van Kobus Lotriet en die ge= val Fielies) gesien word. Dat die kerngebeure juis onder die opskrif "Begrafnis" staan en daar ook by die Bruinmense 'n begrafnis gehou word, veronder= stel 'n besondere belangrikheid en betekenis: *begrafnis* impliseer 'n afgehandelde lewe, ook die idee van wegbêre, miskien vergetelheid. Dat daar dinge is wat vergeet moet word, vind die leser uit in deel drie, "Die getuies", waarin die spoor na die verlede gevat word. Hier kan verwys word na Mietjie se woorde aan haar kleinkind, oorlede Fie= lies se dogtertjie: "Die wit bloed wat in jou loop moet vergeet kom. Maar jy moet dit oppas" (p 198); daar is ook Attie se besluit die Sondag om die hin= derlike gedagtes wat hom kwel, weg te sluit: "Nie meer aan dink nie, verby en goed ook maar" (p 28). Ook Chris het dinge gedoen in die verlede wat

begrawe moet kom; sy lewe tot nou toe, voor Vry=dag, was 'n kammastruktuur wat in duie gestort het. Hy moet van nuuts af begin (p 53-54). Dat Kobus Lotriet op die dag van die twee begrafnisse 'n einde aan sy ellendige lewe maak omdat dit die enigste manier was om sy "vervloekte geheue" stil te kry (p 102), maak die opskrif van deel twee (*Die begrafnis*) nog meer relevant: Koos Nek, Kobus en Fielies is drie geslagte van die eertyds trotse Lotriethuis van Perdepoort.

1.2.2 *Spanning en binding*

Die fragmentariese aanbiedingswyse (veroorsaak deur die verspringing van fokus) tesame met die om=gekeerde volgorde van die verhaalgebeure, sou 'n los struktuur tot gevolg kon hê indien die skryf=ster nie op uiters kundige wyse daardeur juis span=ning (want die leser word betrek by die uitsorteer van "getuienisse") en binding bewerkstellig het nie. Die element van raaiselagtigheid word verkry deur onvolledige wete by die leser. Aangesien deel een 'n nabetragting gee deur ingeligte karakters, word na belangrike sake net verwys sonder om duide=like verbande te lê. Sulke gegewens word dan as vae leidrade gevolg, met telkens meer lig, in deel twee, totdat deel drie alles opklaar.

Talle vrae kom na vore by die lees van die eerste deel. Daar is die verwysings na Koos Nek: Hoe het dit gebeur dat die trotse man later so nederig ge=word het? Wat is dit van sy seuns waarna hy verwys as hy aan die dominee sê: "My seuns was nie altyd so nie" (p 10)? Waarna verwys die dominee se preek as hy waarsku om nie te oordeel nie (p 10)? Wat is die geval met Mietjie en haar seun met die ligte vel (p 16-18)? Wat het Chris gedoen waaroor Jaco hom by die Kuratorium wil gaan verkla (p 29)? Ge=heimsinnig is ook Attie se reaksie toe Mietjie hom die Sondagaand kom vertel van sy broer Kobus se selfmoord: dit lyk of hy dié berig liewers uitge=stel sou wou gehad het tot 'n ander tyd, nie die aand al wou geweet het nie (p 31-32).

So is daar ook in deel twee raaiselagtige uitla=tings wat eers in deel drie ten volle begryp word.

Wat Kobus die Saterdagoggend in uiterste wanhoop en selfwalging vir die soveelste keer dink ("Ek moes gaan staan het daardie nag", p 43), sluit aan by wat hy die vorige dag aan Chris vertel het. Hier= die diepste, vernederendste geheim van hom kom eg= ter eers in deel drie aan die lig. En dit motiveer sy selfmoord (einde deel een) na die herbegrafnis van sy ouers vir wie hy so diep verneder het.

By die herlees van deel een - Sondag se perspektie= we - nadat die boek met Vrydag se gebeure afgesluit het, kry elke gebeure en gesegde sy plek en beteke= nis in die geheel.

### 1.2.3 *Drievoudige perspektief*

Die drie dele van die verhaal gee 'n progressiewe onthulling van die verlede, al dieper die verlede in en al dieper in die sondigheid en bedorwenheid van die mense - 'n afstroping van laag na laag tot in die kern van die mens se aard. Die perspektief= aanwending - die oorkoepelende alwetende sowel as die beperkte perspektief van die verskillende ka= rakters - kan voorgestel word deur drie konsentrie= se sirkels met as gesamentlike middelpunt die Lot= riet-familie. Deel een vorm die *buitenste kring* waarin die siening van die buurt se mense, die wê= reld daarbuite, gegee word - wat intermenslike ver= houdinge betref die verste van die Lotriets af. Hulle kennis van die familie berus op hoorsê, op die waarneembare. Die opskrif "Lykskouing" impli= seer reeds al 'n kyk na dinge, 'n sekere perspek= tief. Die boek se openingswoorde is: "Vertel my iets oor hom", dit wil sê oor Koos Nek, enkele mi= nute voor die val van die kis. Die eerste afdeling van deel een gee 'n algemene oorsig oor Saterdag se gebeure waaroor dae en weke nog gepraat is; eers daarna gaan dit konsekwent oor Sondag. Die distrik se mense is aan die praat: "*Iets* het *iewers heen* beduie" (p 4). Oor elkeen van die Lotriets word 'n siening gegee, selfs deur die mense in die lokasie. In gesprekke is verwys na die feit dat ou Koos Lot= riet se lote almal wild is (p 5). Dit is veral sy hovaardigheid waarop die lig val, met veel minder belangstelling vir sy bekering, behalwe dat die do= minee gewonder het of die ou man in sy later jare,

toe almal gedink het hy is kinds, nie dalk 'n baie groot gelowige was nie, "een van die wat leer ba=lanseer het op die meslem waar God dié siel ontmoet wat deur die smeltkroes gegaan het nie, een van dié wat op die water leer loop het nie" (p 7).

Die Lotriets openbaar hulle self ook in 'n mate, dié Sondag op pad terug van die kerk en in hulle gesinskringe, maar alleen uiterlik deur handeling en dialoog, wat eintlik net 'n bekendstelling is van die betrokke verhaalkarakters.

In deel twee, wat op die tweede dag van die ver=haaltyd toespits, word die perspektief vernou tot die tweede kring: die Lotriets in hulle omvang met mekaar, gesinslede onderling, gesinne teenoor me=kaar. Deur toneelmatige aanbieding van onderlinge rusie en slegsêery word die liefdeloosheid en wan=verhoudings geopenbaar. Wanneer hulle byeenkom vir die begrafnisdiens in die "ouhuis", kry die genooi=des ook 'n naby-opname van die familie, maar dit is veral die binnekring van die huislike lewe en die gedagtes van die Lotriets onder die diens en by die begrafnis wat in fokus kom.

Die perspektief van die alwetende verteller belig eers die swaksinnige Kolie, beskermling van sy sus=ter Adriana, "van kleins af leeg", soos die Kleur=linge hom sien en duld (p 36), met sy lojaliteit teenoor hulle en afgerig om "nie te gaat sê nie" (p 36, 37 e a), Kolie, die verdriet van sy moeder en aanstoot van sy vader.

Kobus Karba kyk letterlik (in 'n gebarste spieël) én figuurlik na homself, sien homself as 'n vark, 'n verskriklike karikatuur van die eertydse klein seuntjie, tintelend van lewenslus, daarna van die jong ruiter wat trofeë verower het, wat één met sy perd kon word en deel was van die "glimmende same=lewing van silwer, glas en lamplig" in sy ouerhuis, wat hóm later verloor het (p 41-45). Hy sien geen lewenslyn tussen hede en verlede meer vir hom nie.

Tydens die begrafnisdiens in die "ouhuis" kry die leser toegang tot die gedagtes van die verskillende Lotriets: Letta, vrou van Jan Pampoen, vernederd omdat sy tussen die veragtelike Kobus en agterlike

Annie, Klaas se vrou, moet sit, dors na erkenning, maar moet keer op keer ontdek dat dit ontbreek, te wyte aan die "vals posisie" wat sy al die jare saam met Jan beklee (p 49): by openbare funksies is daar byna altyd 'n leë stoel langs hare. Onder die gebed is Jan se gedagtes in fokus, chronies ge=griefd omdat hy 'n onderskatte en veronregte man is, as oudste agtergestel is by sy broer Attie, soos nou weer toe die dominee oor elkeen van die Lotriets iets gesê het. Jan sou so graag "sy *beeld* oor skep" (p 49). Chris, teologiese student in sy laaste jaar, sien homself meedoënloos eerlik as "hoereerder, potensiële verkragter". Hy dink aan die vorige aand en nag toe hy homself in die volle lig gesien het: "die misdadiger gevange na jare van uitputtende vlug". Die hele bouwerk van sy ge=loof het gewankel, en al wat hy nog wis, was dat daar genade behoort te wees vir sowel oortreër as veronregte, vir die wat bedrieg word én vir die be=drieër, vir die wat lief het én dié wat haat (p 54). Klaas, ongelowige sinikus, word verteer deur on=draaglike onsekerheid na sy ervaring Vrydagnag. Sy redevoering met die duiwel; droom of nie droom nie, hy het iets ervaar waarin sy gebruiklike wapens, naamlik ironie, onverskilligheid en minagting, nie gehelp het nie. Deur die alwetende perspektief word hierby flitse gegee uit Klaas se verlede: sy aanraking met die Litauer se Boeddhistiese leer: dat daar niks buitekant jouself is nie; "al god wat jy kan ontdek, is binnekant jou . . . jy is self God". Hierdie stellings was dalk die groot skok wat Klaas nooit te bowe kon kom nie. "Maar nou met sy rug teen die muur, sou hy tog weer wou probeer . . . Is daar nog tyd?" (p 59). Dan is daar nog sy herinnering aan 'n ander ongewone erva=ring: Annie se paar arms om sy nek, dié oggend. Op pad na die grafgrot vermy hy aanraking met haar en Letta, weerskante van hom, sover moontlik (p 60). In die stoet wat opkruip boontoe, val die lig op Jaco in sy vergramdheid op alles en almal maar die meeste op sy oom Chris wat hy dreig om aan die Ku=ratorium te gaan verkla (p 63). Attie, wat die leiding neem bo by die graf, word neerhalend gesien as die "paddageneraal". Terwyl die begrafnisgan=gers die geleentheid het om die nasate van die trotse Koos Nek krities te betrag en te bespreek, vind die sensasiewekkende val van die ou man se kis

plaas, wat nou uitvoerig, dramaties in fokus ge=bring word. Die reaksie van Miemie toon dat sy Kolie verdink van 'n aandeel in die saak en dat dit 'n verandering bring in 'n vorige besluit van haar, nl om saam met haar broer weg te gaan (p 67). Die reaksies van die Lotriets word fyn dopgehou deur die ander mense: Kobus en Klaas is terstond elkeen sy eie koers uit, Miemie op 'n draf rant af en Adriana alleen die kop uit.

Die vertellersperspektief verskuif dan na die be=grafnis van Fielies, waar oompie Vaalwater moes waarneem, omdat Chris nie opdaag nie; hy is weg dorp toe, met die voorneme om nooit weer terug te kom nie.

Die binneste kring, in die derde deel van die ver=haal, waarin Vrydag se gebeure belig word, bevat die toegespitste perspektief van die een Lotriet op die ander maar ook van elkeen op hom of haar self; so word die mees intiem-menslike verhou=dinge, die mees geheime sondes en diepste vernede=rings, begeertes en frustrasies, geloofstwyfel en vrees vir eie ongeloof en 'n soeke na God en gena=de blootgelê. Daar word as't ware na die wortels van die degenerasie gegrawe.

Hierdie deel van die verhaal is die grootste in omvang en bevat die eintlike kroniek van die fami=lie - 44 van die 54 onderafdelings teenoor vyf elk van die ander twee. Die'wêreld' van die Lotriets gaan hierin wyd oop wat tyd sowel as ruimte betref, want terwyl die perspektief van die periferie af na die sentrum beweeg, van die buitewêreld se sie=ning na dié van die intieme lewe in die binnekring, 'n *vernouing* dus van die fokus of gesigskring, is daar 'n uitbreiding van wêreld: elkeen van die Lotrietgesinne en individue se lewensverhaal tot op datum word met meesterlike seleksie van ter sa=ke feite gesuggereer.

Die opskrif by dié deel, *Die getuies*, stel eerste=handse inligting oor sake en toestande in die vooruitsig. 'n Mens assosieer die woord ook met oortreding of skuld en met die gereg. So letter=lik opgevat is daar ooggetuies (en selfs medeplig=tigheid van dié getuies) van oortredings van die

wet - in hierdie geval die sedewet, God se Wet. So, byvoorbeeld, was Miemie oor baie jare getuie van haar man se gruwels wat hy uit inhaligheid teenoor sy vader en sy broers gepleeg het; die laaste gruwel was die verstoring van sy ouers se grafte; sy was ooggetuie van haar skoonvader se verdriet oor sy seuns, van hoe hy sy troos einde= lik by sy Here gesoek het (p 150); sy het self haar man se liefdeloosheid ervaar. So is Jaco ge= tuie van sy ouers se daaglikse rusies en van sy pa se selfmoordpoging net om sy ma te wys! Jaco was ook ooggetuie van Chris en Adriana se spel dié Vrydagaand by die rivier. Ou Mietjie was getuie én slagoffer van Kobus se oortreding van die sede= wet; aan Chris het Kobus self sy vroeëre lewe vertel, selfs die vernedering toe sy vader hom wou skiet, soos hy met die "terugaardings" onder sy diere gedoen het; so ook kom Chris na Klaas met sý probleem.

Die "getuies" van hierdie deel is egter veel meer te soek in die innerlike en uiterlike lewe van el= ke karakter: hulle léwe self getuig van die deur= werking van die sonde in al sy vorms, die oortre= ding van elke deel van die Goddelike Wet. Dit word gedramatiseer in gedagtes, herinneringe, me= dedelinge van die alwetende verteller, in gesprek= ke en handelinge, sodat die leser 'n perspektief kry op die hele familie, almal in die mag van "die vernietigende instinkte" soos die dominee die vleeslike sondes genoem het (p 10). Besonder sterk val die lig op die egtelike verhoudinge. Al die getroude seuns het vroue geneem wat volgens hulle trotse vader benede hulle sosiale status was: die opdringerige Letta van Jan Pampoen, die dommerige Miemie van Attie, die eenvoudige, sektariese Annie van Klaas, die meisie van die renbaan, Isobel, met wie Kobus hom afgegee het en toe móés trou. Van die heiligheid van die huwelik as instelling het by geeneen iets tereg gekom nie. Liefdeloosheid, egoïsme en verwaarlosing by Attie teenoor Miemie; wedersydse onverdraagsaamheid by Jan en Letta; Letta is ook nie sonder oorspelige begeertes nie. Kobus is slaaf van sy liggaamlike behoeftes; Klaas, met sy walg aan seks, oortree weer op 'n ander ma= nier teen die huwelik, sodat sy "wettige vrou", Annie, met haar pastoor owerspel pleeg. En Chris

worstel wanhopig teen sy vleeslike begeertes.

Dit is verder opvallend dat daar telkens terugge= gryp word na die ouers, meer in besonder die vader, oor wie almal 'n goeie getuienis lewer: 'n "jin= telman", wat deur sy seuns gesien het en leiding gegee het aan elkeen volgens sy aard. Hy was eg= ter trots en hard en kon niks verdra wat onvolmaak was nie (p 193). Hy bly deurgaans in fokus omdat sy eie lewenstyl en -standaarde soveel hoër as dié van sy afstammelinge was en hulle gedurig aan hom gemeet word, veral deur die buurt se mense, maar ook deur hulleself: "Elke worp het sy kwar", is Attie se gedagte, "maar Koos Nek se worp is almal kwarre. Behalwe dan hy self. Hy's al wat naas= tenby na sy pa aard" (p 93). Hierin vergis hy homself natuurlik, want hy, van almal, ken homself die slegte en is daardeur die enigste wat nie tot 'n insig van sy sonde kom nie.

Deur die drie perspektiefkringe is nie slegs die waarneembare werklikheid deurskou nie, maar ook die onsienlike, die metafisiese werklikheid betrek, 'n aspek wat onder die volgende hoof ter sprake kom.

## 2. TEMATIESE INTEGRASIE

Die ryk betekenislading waarvan aan die begin mel= ding gemaak is, en wat tot stand gekom het deur die omvangryke hoeveelheid geïntegreerde "mate= riaal", kristalliseer uit in 'n tema wat soos 'n prisma telkens nuwe fasette te sien gee. Dit sou 'n vereenvoudiging wees, en te wyd gestel om te sê dit gaan om die stryd tussen goed en kwaad, tussen gees en vlees, of 'n vergestalting van die deur= werking van die sonde, omdat dié stryd in derdui= sende werke gekonkretiseer word. So 'n formule= ring sou dus ook geldig wees vir *Kroniek*, maar dit sou ook net die basiese elemente van die tema weer= gee.

Die verskillende fasette van die tema kom besonder sterk na vore, en wel op implisiete én eksplisiete wyse. Die implisiete is eintlik die verhaal self as gekonkretiseerde betekenis deur motiewe en

beelde. Die eksplisiete wyse behels die uitge=spроke menings en lewensbeskouings van die ver=skillende karakters. Dit kan egter nie los gesien word van die implisiete wyse nie. Die skryfster het dit kunstig verweef met die implisiete beel=ding. So byvoorbeeld worstel Chris met sy Gere=formeerde dogmatiek en met Pelagius se dwaling, maar terselfdertyd is sy begeerte na Adriana so sterk dat dit hom teen sy wil na haar toe dwing en hy die sonde pleeg waaroor hy so pas leerstellig besin het. En terwyl hy by Klaas gaan aanklop om raad (kliniese hulp) moet hy sy swakheid aan sy broer openbaar maar ook sy Christelike geloof ver=dedig teen dié ongelowige sinikus. Eweneens ter=wyl Klaas met walging na sy broer luister, soos na die "walglike paddas" in die rivier, kom sý mens=siening ter sprake. In sy argument met die duiwel kom sy vrese en lewensangs, sy ongeloof, waarop sy hele lewe, sover gestrand het, aan die lig; en sy geskiktheid as instrument van die duiwel word ge=koppel aan sy lewensbeskouing. 'n Derde persoon wat eksplisiet 'n lewensbeskouing uitspreek, is die dominee, maar weer vloei dit saam met die ge=beure van die Saterdag wanneer hy dié Sondag die Woord bedien. Die teenoormekaarstelling en saam=vloeiing van denke en daad is in sigself 'n boei=ende spel.

Indien 'n mens nog meer getuienis oor die tema van die verhaal nodig het as dié binne die verhaal, is dit byderhand, hoewel buite die verhaal, die spre=kende ontwerp op die stofomslag: apokaliptiese gerigsoefening oor 'n trotse huis; verder ook in die aanhalings voor in die boek.

### 2.1 *Deur karakterbeelding*

Die Lotriets en hulle Nie-blankebediendes verteen=woordig min of meer 'n deursnee samelewing, tipies Suid-Afrikaans deur die verbesondering van die boustyl van die "ouhuis": nieu-Kaaps-Hollands én deur die ry volkshuisies op die plaas.

In die openbaring van die verskillende vorms van die kwaad, met of sonder die stryd daarteen, in die verhaalfigure se omgang met mekaar, in hulle

persoonlike lewe en strewe, is hierdie familiege=skiedenis egter ook meer universeel en aktueel.

Jan Pampoen, die oudste, met sy lewenslange grief teen sy vader en sy broer Attie, se huwelikslewe met die onverfynde, na aansien strewende Letta, bestaan uit sarsies rusies waarin hy altyd die on=derspit delf. Al sit hy in die kerkraad kon hy nog nooit tot werklike geloof kom nie, nog minder tot selfkennis en 'n insig in sy sondes, en is dus ook nie tot berou in staat nie. Na sy kinderagti=ge selfmoordpoging soek hy selfbejammerend troos in die lugruim: by hemelwesens wat hy met vlieën=de pierings assosieer. As stumperd wat altyd glipse maak, wil hy so graag nog sy beeld oorskep (p 49); dit gaan dus om die mense se opinie, en nie om verandering van die sondige hart nie.

Attie Hardehand, wat in die dominee se aanmoedi=gende, eufemistiese retoriek "beskermer van die bodem . . . behoudend . . . spaarsaam" heet, maar ook bekend is as "een van die mees geslepe sake=manne", het sy pa se testament in sy guns laat regknoei. Nou voer hy planne in die skild om "skoonskip" te maak met alles en almal wat hom nog in die weg staan om alleenbesitter van die plaas te word. Hy is tuis liefdeloos teenoor sy siek vrou en sy swaksinnige seun maar slaafs toegewend teenoor sy dogter, alhoewel vrekkerig teenoor die kerk, in sy eie huishouding en teenoor bediendes. Deur sy broers word hy om sy skynheiligheid verag. Die tot niet maak van die begraafplaas, omdat dit goeie landbougrond in beslag neem en die ontwyding van sy ouers se graf, demonstreer die deurwerking van die sonde van materialisme en inhaligheid. Attie se gebrek aan selfkennis, sy vermoë om onaan=gename dinge van sy gewete af weg te skuif en self=regverdiging vir sy dade te vind bring mee dat hy daarvan wegskram om van aangesig tot aangesig met die sonde in hom te kom en skakel dus berou uit. Sy grootste sonde is dat hy met sy geestelike ver=harding en ontaarding voortgaan. Hy stry nie teen die sonde nie; trouens kán nie stry teen iets wat hy nie as vyand herken nie.

Kobus, wanhopige verslaafde aan liggaamsbehoeftes: drank, kos en vroeër ook seks, is vasgevang in 'n

verskriklike kringloop: in sy jeug die gunsteling van sy vader, het hy juis deur sy swak vir boge=noemde dinge sy vader se respek verloor, ook sy selfrespek; om die pynlike verlede te vergeet gee hy hom totaal oor aan die drank en vraatsug. Self=walging, berou en wanhoop aan 'n toekoms eindig in sy selfmoord. Kobus verwerp Chris se raad dat hy in gebed sy toevlug moet soek, want "'n jintelman bid nie wanneer hy in 'n hoek is nie . . . 'n jin=telman maak sy eie sakes reg" (p 211). Dit het hy dan ook gaan doen: die afrekening self verrig, wat sy pa jare gelede wou gedoen het, soos hy ge=meen het (p 210), as 'n soort terugwerkende loja=liteit aan sy geliefde vader wat tóé van hom iets gevra het waarvoor hy Kobus weer kon respekteer. Kobus se aandeel aan die verhaal van degenerasie is konkreet gemaak in sy afsigtelike voorkoms, sy gruwelike lagbuie, sy hand wat voortdurend na die glas reik of afkruip na die kasdeur vir die bottel en die geoefende ruk van die kop agteroor - soos sy broer Chris hom gesien het. Sy herinneringe aan die verlede se skandes wat deurwerk in sy hede is vir hom 'n "hel" en hy begryp dat 'n oordeels=dag nodig is om dinge op LAND VAN ONSKULD te ver=ander. "Hy huil oor homself, hy huil oor ou Mie=tjie, hy huil oor die ganse verlate mensdom". Mis=kien ís dit tog 'n soort gebed as hy snik: "God-god-god" (p 102). Die sondebesef is dus hier dui=delik.

Klaas verteenwoordig die soort mens wie se buiten=gewone intelligensie hom verwaand gemaak het: van kleinsaf verveeld met die lewe. Hy koester 'n groot minagting vir die mensdom oor die algemeen, walg van seks en is vol kritiek op die onvolmaakt=heid van die skepping, soos hy dit sien; deur sy aanraking met variante van Oosterse kultusse en leringe is hy hierin gesterk. Al manier om aan lyding te ontkom is om bevry te word van alle emo=sies; Klaas het dan ook geen liefde vir sy fami=lie, of vir sy vrou nie - net miskien vir sy moe=der. Hy glo aan niks en niemand, of so maak hy homself wys. Maar uit sy gekonkretiseerde vrese en angste vir die lewe, vir die dood en vir die NIKS, word die teendeel tog duidelik. Geluk, rus en vrede is nêrens te vind nie - net tydelike ver=ligting is bekombaar deur die asemhalingstegnieke

wat die Litauer hom geleer het. Uiteindelik kom hy tog tot 'n selfkonfrontasie (voorgestel as 'n gesprek met die duiwel) waarin hy die bestaan van die Bose nie meer kan ontken nie, ook ín homself, en ondervind hy dat rus en kalmte sonder kunsma=tige tegnieke moontlik is in die eenvoudige bele=wing van een van die (deur hom verfoeide) skep=pingsordinansies - die samesyn met sy wettige vrou.

Chris Predikant se stryd teen sy natuurdrange word konkreet gestry. Dit word suiwer dramaties aange=bied deur handeling in die hede, herbelewing van soortgelyke oortredings in die verlede, deur sy wettelose gedagtes aan Adriana, sy haat vir hom=self, vir die sonde van die wellus en deur sy ge=maal oor teologiese vraagstukke. Heen en weer ge=slinger tussen selfwalging en onbedwingbare be=geerte, word hy in die dieptes van die versoeking self gestort waarvan hy gevrywaar word deur Adria=na se weerstand. Ironies genoeg lei sy behoefte om met 'n medesondaar te praat hom na die siniese Klaas en na die onvermydelike wanhoop ná hulle ge=sprek. Daarna volg oorgawe: "die misdadiger ge=vange ná jare van uitputtende vlug", as hy homself in die volle lig sien en uiteindelik weer kniel en om genade bid. Tematies is die uitbeelding van Chris se stryd uiters funksioneel: 'n aanskou=ingsles in die mens se totale onmag om homself te verlos, want die goeie wat hy wíl, doen hy nié, maar die kwade wat hy nié wil nie, dít dóén hy.

Die uitbeelding van die *derde geslag Lotriets* toon die "vrygemaakte" moderne jeug, wat gesag verwerp, hulle ouers minag en "buite die wet" lewe. Jaco en Adriana kwel hulle derhalwe nie oor die uitle=wing van hulle natuur nie. Ook die ontoerekenbare Kolie is deel van dié samelewing.

Die tematiese waarde van die uitbeelding van die Nie-blankes is nie slegs geleë in die feit dat dieselfde variante van die sonde wat by die Blan=kesamelewing voorkom, ook by hulle te vinde is nie - dronkenskap, twisgierigheid, naywer, owerspel, oneerlikheid, opstandigheid (teen die Blankes), onreinheid in woord en daad, bygeloof en ongeloof of slegs die elementêrste begrip van godsdiens -

maar veral vanweë die deurwerking van die sonde van egbreuk óór die kleurgrens heen. Mietjie, met haar halfbloedseun, is egter slagoffer eerder as oortreder. Wanneer sy haar wraak neem oor al die verdriet en vernedering ná jare van troue diens én verguising, lewer sy haar onuitgesproke maar reg=verdige oordeel deur twee keer te spuug in die rigting van Kobus se huis voordat sy begin om sy stookketel - oorsaak van haar baas se degenerasie - stukkend te kap. Deur Mietjie se eenvoudige maar opregte geloof word die sonde ás sonde uitge=lig: sy self lê die verband tussen haar geval en die van die vrou in die Bybel wat in egbreuk be=trap en deur die Here vrygespreek is: ". . . as haar Seur net nog hier was, sou sy Fielies se lyk aan hom oorgemaak het; en hy sou weer sê soos hy toe gesê het dat haar sonde haar vergewe is en sy moet heengaan en nie meer sondig nie. En sy hét ook nie" (p 197). En toe sy later op haar lêplek in Ertmanstasie haar so inniglik een voel met 'n ander eensame sondaar, oompie Danster, is haar verdriet 'n belewing van 'n omvattende allenigheid, boosheid en donkerte "wat sy voel uitsak oor die ganske aarde" (p 250).

Al die bogenoemde openbaringe van karakterswakhede en sonde gryp op verskillende maniere terug op Koos Nek, stamvader van die geslag, veral by wyse van teenstelling. In die herinneringe van buite=standers en van sy seuns en skoondogters is sy uit=staande kenmerk sy trots. Die uitbeelding van sy lewenstyl en -peil konkretiseer die agtergrond waarteen sy seuns gesien moet word, en dit bied die beginpunt van die proses van die sonde wat in hulle lewens tot openbaring gekom het: die trots, volgens Augustinus "die moeder van die doodsondes" (p 8). Koos Nek se pragtige huis, sy vername huishouding te midde van kosbare skatte, sy stoet=perde, sy parkagtige begraafplaas met die praal=graf vir hom en sy vrou, sy hooghartige afsydig=heid jeens die buurt se mense, is alles openbarings van sy trots, soos ook sy dade: die binnery van die kerk op sy swart hingsperd om die dominee op sy plek te sit oor 'n preek wat hóm te na gekom het, net so wel as sy latere betoning van berou - let=terlik in sak en as om openlik vergiffenis te kom vra -, sy gewoonte om terugaardings onder sy diere

dood te skiet en om dit selfs ook met sy seun te wou doen (of ten minste dié indruk by Kobus gewek het). Dit was alles deel van die selfvergoding. Selfs nadat sy seuns deur hulle huwelike en die mislukkings wat hulle was in sy oë, sy nek en sy hart gebreek het, was daar nog "afgodsbeelde" wat hy moes vernietig, soos hy dit aan die dominee ge= stel het: "beeld-van-die-bedroefde-vader, beeld-van-die-bidder, beeld-van-die-kinds-ou-man" (p 7). Koos Nel se inkeer word op verskillende maniere gesien en gestel. Hy self het ná daardie nag toe hy met sy geweer uit is om met Kobus af te reken, gesê: "Koos Nek is dood . . ., nou is ek los" (p 104); in sy gesprek met Klaas het die duiwel daarna verwys as 'n deurbraak "na die Boom van die Lewe" (p 255), en Chris noem sy vader se bekering 'n gevolg van "God se weerlig wat hom getref het en die chemie van sy hart en siel verander het" (p 54). Kort voor sy dood het Koos Nek teenoor die dominee bely dat "Die dag kom wanneer jy weet jy't verloor en dan word alles makliker, want Hy vat die leisels"; nie deur eie toedoen het hy die nuwe lewe binnegegaan nie, want hy is as't ware "van agter ingestamp" (p 7).

Koos Nek se lewe demonstreer dus nie slegs die wortel van die kwaad nie maar ook die onbegryplike weë waarlangs die mens gelei word tot die erken= ning dat genade nie verdien kan word nie maar 'n geskenk is (p 6).

Die herbegrafnis van die Lotriet-stamouers en die val van die vader se kis het as gebeure eerder kompositoriese as tematiese waarde, behalwe dan dat die verskuiwing van die begraafplaas Attie en gedeeltelik ook Jan se materialistiese oogmerke toon. Om dit te verklaar as simbolisering van die hoogmoed wat tot 'n val gekom het, is om aan te sluit by die bygelowiges onder die begrafnisgan= gers wat daarin 'n "vingerwysing" gesien het; die verstandiges het dit verwerp, en die verhaal self gee genoeg (verskuilde) getuienis vir 'n realis= tiese, konkrete verklaring: dat Kolie die verwar= ring gestig het met sy klip waarmee hy op "ou Jaco" wou wraakneem (p 41, 71, 144). Bowendien kom sim= boliek nie deur eksplisiete spekulasie tot stand nie maar beeldend - wat wel gebeur in die verhaal

as geheel en veral in *Die getuies*. En die dominee se teks uit Spreuke 16, wat soveel verwagting by die gemeente gewek het omdat dit so "gruwelik toe=paslik" was, was nie 'n bevestiging van hulle be=skouing nie, veel eerder 'n korrektief.

As kompositoriese middel, dan, verskaf die val van die kis die aanleiding vir die terugskouing in die verlede: as sodanig 'n struktuur- en perspektief=aangeleentheid.

## 2.2 *Deur motiewe en beelde*

Benewens deur die karakterbeelding word die tema ook gekonkretiseer deur middel van deurlopende mo=tiewe en beelde. Dit is te verwagte dat die reli=gieuse motief skering en inslag sal wees in 'n verhaal oor die sonde. Dié motief impliseer die bedrywighede van die Bose in sy verskeie gedaantes: bygeloof, ongeloof en sinisme; Boeddhistiese le=ringe, nihilisme; ook verskillende vorme van ver=duisteringe van die Christelike religie. Nou is die teenwoordigheid van die duiwel 'n sterk alle=goriese element in hierdie origens realistiese verhaal, in ooreenstemming met die oervorme van dié modaliteit, maar tog veel subtieler geïnte=greer. Die duiwel is naamlik "teenwoordig" op verskillende wyses in die gewone spraakgebruik van die karakters, as kragwoord en idiomatiese uit=drukking, skynbaar agteloos gebruik, maar binne die geheel opnuut geaktiveer. So het die begraf=nisgangers gewonder waarom een of meer van die draers dan nie saam met die kis "afgeduiwel" het nie (p 4); die ongeduldige Jaco, agter die stuur=wiel van sy pa se ou krok van 'n chevvy, lug sy ergernisse deur oop te trek: "Die duiwel sit nou agter Jaco" (p 25); Jan dink aan al die plae wat sy spanspekoeste "beduiwel" (p 88); op kadawerdag het die hooftegnikus geraai dat dit die siel van die alkoholis was wat die stomme tweedejaarstudent "beduiwel" (p 128); Annie moet Klaas se kamer skoonmaak terwyl hy weg is; hy mag haar nie daar betrap nie: "Of die duiwel haar gedagtes lees, klap die voordeur skielik" (p 145). Hier word dit al 'n persoonlikheid. Annie se pastoor noem Klaas se koddighede "duiwelbesetenheid" (p 49).

Onder die begrafnisdiens dink Klaas aan sy gesprek met die duiwel die vorige nag en hy weet nie wat= ter van die twee verklarings die ergste is nie: ôf dat dit werklik die duiwel was, ôf dat dit 'n skim was wat hy as gevolg van sy swak bloedsomloop gesien het (p 57). Vir Kobus word al die verskrik= like dinge uit sy verlede waaraan hy op hierdie Vrydag herinner word, 'n hel (p 102). Vir Jan is Letta die Bose in lewende lywe (p 107), en toe hy dreig met selfmoord en sy hom uitlag, sê hy: "So lag die duiwels in die hel" (p 217). Vir Chris het die duiwel in hierdie dae 'n oorspronklike strik ontwerp, naamlik Adriana, "half kind, half heks, half vrou-dier" (p 142); in Klaas se huis hang Annie se sekteprogram met 'n afbeelding van die duiwel wat wydsbeen oor sy gebied staan (p 181). Kobus herinner hom sy vader se woorde daardie nag van afrekening: "Die duiwels in die hel moet ge= juig het toe hulle die beste onder my seuns kry" (p 210); en Chris dink aan die Bose wat orals re= geer, in gestaltes rondloop. Hy dink aan sy vader wat duiwel én heilige was (p 219).

Dit is opvallend dat daar op Vrydag in elke huis= gesin en in elke individu (van die Lotriets) 'n krisis tot 'n hoogtepunt gevoer word soos die dag vorder: krisisse tussen ouers onderling, persoon= like stryd teen die vrees en die vlees, en dat die verwysings na die duiwel en die hel 'n al hoër frekwensie kry. Die duiwel het inderdaad op Per= depoort rondgegaan om te soek wie hy kan verlei. Laat die aand vind Chris homself "uitgeput of dood. En God ook. Sy hel is ysig koud en verlate" (p 231); wanneer hy in wanhoop by Klaas kom raad soek en sy swakheid bely, onthou Klaas dat Chris van kleinsaf 'n "derduiwel" in dié opsig was (p 243), maar hy spot met Chris se geloof aan 'n Goddelike orde, aan die mens as beelddraer van God, en Sy plan van redding en wedergeboorte. En dan neem die gesprek 'n wending na die duiwel se kant toe. Klaas glo nie aan die duiwel of aan die uit= verkiesingsleer nie, "maar as jy dan moet glo aan die uitverkiesingsleer, broertjie Chris, moet jy ook glo dat party van ons deur die duiwel uitge= kies word", waarop Chris se uitbarsing volg: "Jy kon my my geloof laat verloor! . . . Die duiwel het my na jou gestuur, omdat dié leuenagtige

gedagte vandag by my ook opgekom het. Dis ver=
skriklik . . ." mompel hy en gee 'n tree agteruit:
"Duiwelsadvokaat!" skree hy skielik, waarop Klaas
dink: "Na die duiwel dan met jou" (p 245).

Dit is egter nie Chris wat nou verder na die dui=
wel toe is nie - hy het hom hierna weer tot God
gewend (p 54) - maar dit is Klaas wat 'n besoek
van die duiwel kry.

Intussen het die mense van Ertmanstasie by die
"lyksit" van oorlede Fielies begin praat oor spoke
en geeste, en oompie Danster het begin "skoffel"
terwyl hy 'n inkantasie teen die Bose sing: "Brand
die bossie brand / Satang dwaal vennag . . ."
(p 237).

Die verwysing na die duiwel kulmineer ten slotte
in sy "persoonlike optrede", as hy Klaas, sy naam=
genoot en advokaat, kom besoek. Dis van verveling
dat hy by Klaas afleiding kom soek. Pragtig word
idiomatiese woordgebruik nou deur die duiwel let=
terlik opgevat as Klaas sê: "Wat die duiwel by my
kom vermaak soek?" en sy besoeker bewonderend ant=
woord: "Dit neem jou nie lank om my te herken
nie" (p 251). Behendig en spitsvondig word al
Klaas se opvattings, vrese, ongeloof, koudheid,
leegheid en doding van alle gevoel en liggaams=
drange wat hy daagliks bevestig, nou aan hom voor=
gehou as satansdiens. Weens sy "leegheid" is hy
"die regte kanaal vir die magte van die toekoms";
hy het "die juiste besef van die sufheid, die on=
benulligheid, die verveling, die walg, die minag=
ting, die drang om alles as spotbeeld te sien, die
vernietigende sin vir wat belaglik is . . ."
(p 255). Dis die doelbloediges soos Klaas, mense
wat "'n ysere beheer het oor hulle drange en wat
die mensdom herken vir wat dit is - insekte wat
die planeet aan die inneem is en aan die vernietig
is" - wat vir Satan (hy verkies dié naam Teenstan=
der) van belang is, nie die vleeslikes, soos Kobus,
"onskuldige ou suiplap" of die "vervelige wellus=
teling Chris", nie (p 255).

Op ironiese of aweregse wyse formuleer Satan self
hier die omvang en variante van die kwaad, die
sondes van die huidige tyd, waaroor dit in die

boek gaan.

Eweneens ironies is dit Klaas op 'n manier werklik sy oomblik van illuminasie waarop hy sedert sy aanraking met die Boeddhisme gewag het, ervaar: dit word lig in sy kamer, dit is vir hom of "hy innerlik ook in 'n toestand van groot helderte verkeer" (p 251). Maar hierdie "illuminasie" was vir Klaas tóg 'n oomblik van waarheid, van insig in homself, in die bestaan van die Bose, in sy eie onderdanigheid aan die Bose en in die onmoontlik=heid om aan NIEMAND en NIKS (p 258) te glo. Uit die verskriklike ervaring van vrees wat "soos be=derf op sy lippe", soos "muf in sy neusgate" kom, en uit die verjaging van sy besoeker word tog iets positiefs vir Klaas gebore.

Die "optrede" van die duiwel word hier as 'n droom (dus wel as ervaring) uitgebeeld en gemotiveer as 'n neerslag van sy bewuste ervarings op daardie dag, soos sy ontmoeting in die biblioteek en sy gesprek met Chris. Dit maak dat die verhaal nie in hierdie deel wegbreek van die realisme na die bo-natuurlike met die letterlike beliggaming van die Bose soos in die oertipe allegorie nie. Sonde is wetsoortreding, wetteloosheid. Dit impliseer die Wetgewer, die Wet en wettige dinge. Dit is dan ook uiters relevant om na te gaan hoe *Romeine 7*, waaruit 'n perikoop voor in die boek aangehaal word, die grondstof vorm vir die religieuse motief waarin die tema opgesluit lê. Hierdie hoofstuk handel in sy geheel oor die Wet as heilige kenbron vir die sonde; maar ook dat die Wet heilig en goed is omdat die sonde nie anders as deur die Wet geken kan word nie. Die mens is egter uit homself nie in staat om die Wet te onderhou nie, en die stryd tussen die Gees en die vlees duur voort: "want die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek". 'n Mens kan as't ware vir Chris en Kobus die woorde van Paulus hoor nasê: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" (vs 24). Kobus het nie 'n ander uitweg geken as om self 'n einde daaraan te maak nie; Chris het wel, omdat hy ook vs 25 kon nasê: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" Sy eie gedagtes was: "Wie kan begryp hoe die twee pilare mekaar

balanseer: die liefde wat so alomvattend is dat die mens dit nie mag betwis nie?" (p 54). Die ju=beltoon van vs 25 is ook vir die vader van die Lotriets relevant blykens sy woorde aan die domi=nee en die getuienisse van ander. Hy het geleer om "ligvoets" te lewe, deur die geloof te lewe, met blymoedigheid wat so mooi in die aanhaling uit die Engelse gedig gereflekteer word: "It behoved that there should be sin, but all shall be well, and all shall be well, and all manner of thing shall be well".

Die motief van die Wet word op verskillende wyses gekonkretiseer. Deur die uitbeelding van die ka=rakters in handel en wandel het veral die negatie=we sy na vore gekom: wetsoortreding. Daar word ook met die begrippe "wettig" en "wetteloos" ge=werk. Klaas was wettig met Annie getroud maar het haar nooit werklik as eggenote gehad nie: die aanhalingstekens om die verwysings na haar as sy "wettige vrou" wil eintlik sê dat die huwelik net in naam bestaan het. Wanneer sy vrees hom na haar toe dryf, word sy vir die eerste keer sy wettige vrou, tipografies beklemtoon. Daar word ook van Chris se wettelose gedagtes aan Adriana gepraat. 'n Mens vermoed egter ook 'n allegoriese verge=stalting van die motief, naamlik in die analogie met die ruiterbeeld.

Koos Nek was 'n perdeteler, 'n perdekenner en -temmer, en self 'n uitstekende ruiter - dus 'n man wat gewoond daaraan was om leisels vas te hou, om perde in bedwang te hou, om binne die gebonden=heid van teuels, stang en toom die beste uit 'n perd te haal, sy natuurlike spulsheid en drif te beheers. Hy het net opreggeteelde perde aangehou en het haarfyn geweet hoe om kwaliteit uit te ken: "Die goeie perd is 'n jintelman: fyngemanierd, goedhartig, dapper en trou" (p 45). En soos hy sy perde beheers en getem het, het hy homself beheers, sy natuur getem deur streng binne die Wet te lewe. Vir hom was die Wet dus toom, stang en teuels, waardeur sy lewe, sy huishouding daardie grasie maar ook strengheid gekry het. Maar daar was tog 'n swak plek in sy geestelike toerusting: die trots. Dit is eers nadat hy deur baie bitter dinge tot inkeer gekom het, dat hy "die leisels"

van sy lewe aan God oorhandig het (p 7), die trots afgelê het.

Soos hy sy perde geken het, het hy ook sy seuns geken. Hy wou van hulle almal goeie perderuiters maak (p 183), maar net Kobus het aan sy hoë eise voldoen. Jan en Attie kon nie een waffers perdry nie, Klaas wou om die dood nie leer ry nie, en teen die tyd dat Chris daar was, was hy al oud. Sy stoetery het tot niet gegaan toe hy nie meer self die boerdery behartig het nie. Kobus hou nog 'n paar perde aan maar ry self nie meer nie. Attie ry nog 'n ou perd, maar dit is 'n karikatuur van die trotse swart hings wat sy vader gery het. Die perd het die naam Sterling, wat nogal pas by sy baas vir wie geld prioriteit nommer een is. Koos Nek moes tot die bittere ontdekking kom dat die kwaliteit wat hy gesoek het in sy seuns net nie daar was nie. Met niks minder as net die beste onder sy diere tevrede nie moes hy by een na die ander van sy seuns dinge ontdek wat sy trots 'n knou gegee het, totdat sy trots die nekslag kry: sy uitblinkerseun, wat 'n perd so uitmuntend kon beheer, kon die dier in homself, die natuurlike drange, nie binne perke van die Wet in bedwang hou nie.

Die beeld van die ruiter word veral in die geval van Kobus sterk op die voorgrond gebring. Op die dag van die herbegrafnis kyk hy weer ná jare na die trofeë wat hy verower het, en dis nou vir hom ongelooflik hoe hy dit reg gekry het: "Die oom=blik wanneer sy lyf saamgestroom het met dié van die perd, was dit nie meer sý lyf nie; die hand wat gestuur het, wat die lans op die juiste oom=blik gelig het, die pen gesteek het, oor die skouer geswaai het, was nie sýne nie. Alles was net één beweging: vlieënde maanhare, skuimvlok=kies in jou gesig. Alles verby nou, vir ewig en altyd . . ." (p 45).

Hy dink aan die huis waaroor hy gedroom het, nou nog steeds halfgebou, wat "'n skraal, gespierde huis soos 'n jongperd wat wegspring", moes wees (p 43).

As hopeloos verslaafde aan drank en kos, wil hy so

graag weer uit dié toestand kom. Hy herinner hom sy pa se woorde toe hy van hom wou weet waarom hy nie harder probeer het om los te kom van die drank en ander verkeerde dinge nie. En sy pa se antwoord vat die kern van die saak vas: "Dis soos leer spring, Kobus - eers hart oorgooi, dan kom die perd vanself agterna" (p 169). Juis dit, die oorgegewenheid van die hart, die wil, het by Kobus ontbreek. En ook omdat kennis van die kwaad, van die sonde, nie sonder vernuwing van die hart iets kan vermag teen die vleeslike drange nie. Hierdie onmag vermeng in sy dronk toestand met beelde uit die verlede: van die jong man wat aan=houdend oor hekkies spring en dan weer van die geworstel om weg te kom "uit die smal bed (p 98-99). Dit word ook versinnebeeld in sy moeite wat hy het om die twee perde oor die brug te kry (p 44).

Die ruiterbeeld in die geval van Klaas wat nooit wou leer perdry nie, omdat hy bang was hy val hom dood, dui klaarblyklik op sy "Verneinung" van die lewe. Doding van alle gevoel, alle drange, uit vrees en uit walg, is nog nie wetsonderhouding nie, is nog nie heers oor jou natuur nie, is op sigself ook sonde, oortreding van die liefdesge=bod.

Die degenerasie in ruiterskap loop parallel met die Lotriet-geslag se algehele agteruitgang, geestelik, materieel en wat hulle aansien onder die mense betref. Die laaste ruiter, Attie, moet sy ou lui perd aanpor met sy gewoontetaal: "An Sterling, jou ou lafaard", en dit is opmerklik dat Attie nie self die leisels vat wanneer die ou koets die kiste van die ouers na die nuwe graf neem nie - sy kneg doen dit!

Dit is verder opmerklik dat die derde geslag geen ruiters opgelewer het nie: Kolie is 'n bokwagter, Jaco is versot op sy nuwe El Camino-bakkie en Adriana loop pal met haar transister-radio of dryf op die water tussen die waterlelies met of sonder 'n bikini, of speel die "spel" met seuns ... (p 28). Jaco gee uiting aan sy baldadigheid "soos 'n perd wat rol" (p 29). Hulle lewe hulle natuur uit, sonder binding deur die wet, beteuel dus nie

hulle drange nie - eksemplare van moderniteit.

Die tematiese waarde van die ruiterbeeld moet dan hoofsaaklik gesien word as die analogie van die beteueling, die in-toom-houding van die natuurlike drange of hartstogte, sodat die mens binne perke van die Wet heilig en goed kan lewe; dit is eweneens 'n analogie van die onmag van die mens om dit sonder oorgegewenheid van die hart te kan doen, met ander woorde, dit kan eers bereik word wanneer God die leisels neem.

Dit is nie deel van die opset van hierdie bespreking om elke moontlike allegoriese element te behandel nie; so 'n rigoristiese soektog sou bowendien op dwaalweë kan beland. Aleen as geintegreerde materiaal met funksionele waarde ten opsigte van die lewensbeskouing van een van die karakters, naamlik van Klaas, sal die paddabeeld hier ter sake wees, en wel om die teenstelling van sý siening van die mens met dié van Chris te releveer. (Is dit te vergesog om in hierdie twee broers, wat die meeste besinning gee oor die lewe, die verteenwoordigers van die sataniese en die Christelike te sien? Christiaan beteken "volgeling van Christus" en Niklaas, afgekort tot Niek, is die spotnaam vir die duiwel. Klaas het trouens self gesuggereer dat hy en Chris dalk deur die duiwel uitgekies is! En in sy droom hét die duiwel hom as 'n uitverkorene bestempel.) Waar Chris hom op die Bybel beroep om die mens as beelddraer van God te sien, en waar hý glo aan God se reddingsplan vir die mens, sien Klaas die mens as niks meer as 'n dier nie. En dan vestig hy Chris se aandag op die paddas in die rivier: "Elke jaar is dit dieselfde, . . . geslag ná geslag ná geslag. Hoeveel miljoene dink jy het nie al in slym verander nie? Slym zÿt gÿ en tot slym zult gÿ wederkeren (foutiewe spelling soos in boek, L C M). Aanteel in hulle miljoene, altyd nuwes om die oues te vervang. Net so die mensdom. Al verskil is dat daar niks is wat die mensdom se vermeerdering beperk nie, en hoe groter die getalle, hoe swakker die gehalte . . ." Derhalwe het Klaas hom losgemaak van "al die huigelary oor die heilige bestemming van die mensdier" (p 246-247).

In hierdie gesprek dien die paddabeeld as eksplisiete vergelyking. Daar is egter meer verwysing na dié dier: op 'n plaas met 'n standhoudende rivier is die teenwoordigheid van paddas heel natuurlik. Maar daar word spesifiek vertel dat daar vyf soorte paddas is. Baie dinge het in die loop van jare verander by die ouhuis: "die voëlbaddens is deesdae leeg, die beeldjie van 'n najade is afgehaal en weggesit, die roosbome skuil nie meer onder sambreeltjies nie, die reiers kom vang nie meer paddas in die syferwater agter die huis nie, daar is nie meer perde op die kweekplate nie. Net die koor van paddas - glo vyf soorte - langs die rivier duur nog voort" (p 27). Attie, die opvolger van die trotse heer van Perdepoort, word "paddageneraal" genoem (p 46). Terwyl Chris die versoeking om uit te gaan agter Adriana aan, probeer weerstaan, luister een deel van hom na die samesang van die paddas en krieke wat buite begin het; wéét hy al hy is die stryd aan verloor: "Ek gáán al, help Here!" (p 125). Na mate hy die water nader, word die "gebrabbel van die paddas en ander waterdiertjies al skriller", "mekaar tot paring onder die lig van die volmaan aan die roep" (p 229). By Ertmanstasie val die skrik op die mense toe hulle daar onder langs die wapad gedaantes gewaar wat snaakse geluide maak soos paddas en goed wat aan die opkom is uit die rivier; totdat ouma Oumeid ontdek: "Dis dannie kleingoed! Parrings naaap" (p 236).

Of hierdie verwysings na paddas weer wil wees as konkretisering van natuurlewe op 'n plaas - op sigself deel van die wonderlike skepping - val te betwyfel, bloot omdat die mens nie op een lyn te stel is met diere nie, soos Chris dan ook teenoor Klaas standpunt neem. Natuurlewe as sodanig is nogtans vir die tema van betekenis, sonder dat dit simboliek hoef te wees. Die verhaal illustreer self déúr die karakters hoe sterk die natuurdrang in die mens is.

### 2.3 *Die slot van die verhaal*

Waarom eindig die verhaal juis met Klaas en Annie? Die antwoord moet wees dat die tema van 'n verhaal

gewoonlik in sy slot beklink word. Hoewel daar in elke persoon en gesin se lewe op dié Vrydag 'n kri=sis bereik is wat versoekings van die Bose, veral in die man-vrou-verhouding, binne of buite die hu=welik, betref, bereik die kwaad sy hoogtepunt in Klaas se lasterlike verwerping van die Goddelike skeppingsorde in sy nagtelike dispuut met Chris en direk daarna in sy konfrontasie met die Bose self. Nou is dit ironies maar uiters sinvol, omdat so=veel van die motiewe daarin saamgetrek word, dat dit juis dié ongelowige lasteraar is wat die Bose ten laaste met 'n verskriklike oerangs herken en dus erken as 'n mag in die mens se lewe; dat dit hý is wat die Bose in afsku die deur wys en dat dit hy is wat in die wettige omgang met sy vrou die sanerende uitwerking daarvan ondervind, proef=ondervindelik kennismaak met die wysheid van die skeppingsordinansie ten opsigte van die huwelik. Klaas en Annie se saamwees is 'n implisiete kor=rektief op al die variante van verwronge, onheili=ge en onwettige man-vrou-verhoudings waaroor dit in die boek gaan, al is dit van sy kant nog pas=sief.

## 2.4 *Dag en datum*

Kronieksgewys word dag en datum presies gespesifi=seer. In die goeie roman moet elke besonderheid tematiese waarde hê, en daarom is die vraag gewet=tig: Waarom hierdie presisering? Kan dit slegs 'n manier wees om 'n werklikheidsillusie te skep? Dit bly 'n tartende vraag wat dalk baie moontlike antwoorde het. Byvoorbeeld: Aangesien die verhaal 'n duidelike Christelike visie openbaar, kan dit verband hou met die heilsgeskiedenis. Vrydag was daarin die dag toe duisternis op die aarde geval het, die magte van die hel as't ware losgelaat is toe Christus vir die sonde van die mensdom gekrui=sig is en na sy hel van Godverlatenheid neergedaal het. Eweso in *Kroniek* is die duiwel baie aktief op Vrydag, vir elke karakter 'n dag van versoekings en sondeverduistering. Saterdag was die dag van troostelose onsekerheid by die dissipels van die Here, terwyl Hy in die graf was. Dieselfde ge=moedstoestande heers onder die Lotriets na Vrydag se krisisse. Die analogie gee 'n bietjie probleme

hier as 'n mens die lyn heeltemal wil deurtrek: Christus is die Vrydag in sy graf gelê, en op Per=depoort word op Saterdag twee begrafnisse gehou! Miskien moet 'n mens volstaan met die feit dat vanweë die uiterste wanhoop by sommige karakters of ongeloof by party, God wel "dood" was dié Vry=dagaand; dit los egter nog nie die probleem van die twee begrafnisse en Kobus se selfmoord op Sa=terdag op nie. Nietemin, Sondag, die dag van Christus se opstanding, van sy oorwinning oor dood en graf, van die begin van die nuwe bedeling van genade, is in die verhaal die dag waarop die le=wende Woord tot die gemeente kom. Daar het in 'n mate rus en kalmte gekom in die Lotriet-huishou=dings, elkeen het 'n soort katarsis deurgemaak wat nuwe dinge in die vooruitsig stel.

## 3. EVALUASIE

Dit is eintlik nie moontlik om 'n volledige evalu=asie te gee wanneer nie alle aspekte van die werk deur die bespreking gedek is nie. Sekere sake soos die vertelhouding en die besinning op tyd verg op sigself omvattende studies. Ten opsigte van dié aspekte wat wel bespreek is, is daar in die loop van die behandeling kommentaar gelewer, te wete oor die boeiende struktuur, die perspek=tiefaanwending en tematiese integrasie. Wat per=spektief betref, is daar wel dowwe kolle waar die oorskakeling van die beperkte na die alwetende perspektief nie subtiel is nie. Dit kom voor waar vanuit die hede na die verlede oorgegaan word. Voorbeelde hiervan is waar Kobus en Attie aan Chris stukke van die verlede oordra (vgl p 202-211 en 164).

Die roman as geheel lewer egter bewys van baie voortreklikhede: die vermoë om met baie drade te weef sonder om verstrik te raak of om die patroon uit die oog te verloor, dit wil sê om 'n veelvoud motiewe en beelde tot 'n sinvolle geheel saam te voeg. Vanweë die aard van die tema en die baie fasette daarvan, die indringingsvermoë en kennis van die mens, kennis ook van 'n groot verskeiden=heid terreine, die vreeslose peiling en blootleg=ging van die sonde in allerlei vorme - vanweë dus

die groot omvang en diepte is *Kroniek van Perdepoort* 'n groot werk. En dan is daar nog niks gesê oor die bewonderendwaardige soepelheid van Anna M Louw se taalhantering nie, die vermoë om elke karakter in sy eie idioom en vanuit sy eie ervaringslewe te laat dink en praat; 'n haas onuitputlike bron vir die navorser.

Lucia C Minnaar

*Gebruikte teks*

Louw, Anna M 1975 Kroniek van Perdepoort. Kaapstad, Tafelberg.

*Verwysingsbron*

Shipley, J T 1972 Dictionary of world litera= ture. New Jersey, Littlefield Adams.